

Sondag 8 November

Skrifgedeelte: Daniël 5:1-30

Fokusgedeelte: Daniël 5:26-28

Verwaandheid – swaargewig in jou eie oë, te lig op God se skaal

Dit was omtrent 'n koninklike partytjie! Belsasar het uitgehang. Baie gaste, baie drank en kos. Maar ook baie belangrik in sy eie oë. Dit raak al hoe meer uitspattig. In die gewyde bekere uit die tempel van Jerusalem word heildronke vir die afgode gedrink.

Dan sien hy 'n hand skryf teen die paleismuur. Sy selfvoldaanheid verdwyn. “Toe het die koning bleek geword, hy was baie bang, sy bene het gebewe en hy was lam van die skrik” (Dan. 5:6, 1933/53-vertaling). Niemand kon dit vir hom verklaar nie. Dit was 'n uitspraak van God, wat net Hy kon bekendmaak.

Vernederend wanneer 'n vrou, die koningin, moet paai: Moenie so bang en bleek wees nie! Daar is iemand wat hierdie handskrif kan verklaar. As Belsasar en die koningin maar geweet het wat om te verwag!

Daniël gee die boodskap uit God se koninklike raadsaal. Getel. Geweeg. Verdeel. Onthou u nie hoedat u voorganger Nebukadnesar gestraf en verneder is oor sy verwaandheid nie? Maar u het nie geleer nie! Sy sondes word uitgespel. “U het verwaand opgetree teenoor die Here in die hemel” (Dan. 5:23).

Die oordeel word bekendgemaak. U jare as koning is verby. U magtige ryk sal verdeel word tussen die Mediërs en Perse. Daardie selfde nag sterf die verwaande koning.

Niemand is bo God se oordeel verhewe nie. Elke magtige heerser, koning, president, geldmagnaat, en ook ek en jy, kry hulle lewensasem van God (Dan. 5:23). Hy moet met eerbied gedien word.

Verwaandheid is 'n gruwel in God se oë. Telkens waarsku Hy dat hulle verneder sal word. Onthou dat jy jou lewensasem van Hom ontvang het. In sy Koninkryk is daar slegs een Koning, Jesus Christus. Wie hulleself voor Hom verneder, sal verhoog word. Uit genade word burgerskap gegee. Maar meer nog, hulle sal saam regeer in sy Koninkryk.

Sing: Psalm 75-1:1, 3

Dr. WC Opperman (Callie) (Emeritus)